NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 26 MAART 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

SONDAG, 26 MAART

Deurkollekte Motorwag

Bevestiging van nuwe kerkraadslede

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Laat God jou vernuwe*
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Laat God jou vernuwe*
12:00 Aksie Twee+: *Harmonie in die Huwelik*
Spreker Ds Abel Pienaar
17:30 Jeugdiens (Kategese) Ds Freddie Schoeman.
Tema: *Laat God jou vernuwe*
19:00 Mosaïek. Tema: *Jesus het die appel kar kom omgooi*

DINSDAG, 28 MAART

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 29 MAART

17:30 Biduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG, 30 MAART

SKOLE SLUIT

SONDAG, 2 APRIL

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal
Tema: *Verdiep jou verhouding met God.*

3—9 APRIL

Skolliekamp

SONDAG, 9 APRIL

Kommissie verslae inhandig
09:00 Erediens

MAANDAG 10 — DONDERDAG 13 APRIL

Groot Lydensweek
Eredienste elke aand om 19:00

DONDERDAG 13 APRIL

19:00 Nagmaal

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

AKSIE TWEE +

Getroudes en gesinne met jong kinders

26 Maart: Abel Pienaar oor
Harmonie in die huwelik
23 April: Later bekend
28 Mei: Johan Herholdt oor
Jou Persoonlikheid en jou Verhoudings

VROUEDIENS : MODEPARADE

Saterdag 29 April om 10:00

Kaartjies beskikbaar by:

Antionette van Rensburg

Selfoon: 083 533 0812

ONTHOU …

Woensdag 29 Maart
19:00: KAF-vergadering

Sondag, 9 April
Inhandiging van Komissieverslae by die Voorsitter — elektronies asseblief.

VOORBIDDING

Natasha Collins vra asseblief u voorbidding vir haar suster se seuntjie wat met geboorte ernstige probleme ondervind het en tans suurstof en binneaarse voeding ontvang. Hy is huidiglik in die intensiewe sorgeenheid.

PAASPROGRAM : HOËRSKOOL ZWARTKOP

DIE LAASTE AVONDMAAL

Maandag 27 Maart 2006

18:30 vir 19:00

"Want so lief het God die wêreld gehad dat hy
Sy enigste Seun vir ons gestuur het"

Kaartjies: R10.00 Skakel: 082 806 8358 OF (012) 654 4747

FISIOTERAPEUTE

Ronél van der Westhuizen en Lynette Niemand
(Voorheen van Doringkloof)

NOU BY:

Health Mediese Sentrum, Jeanlaan 258b, Lyttelton, Centurion
(Tussen Gerhard– en Lenchenstraat)

Kontak ons vir algemene fisioterapie-dienste

Telefoon: 012 664 0617
Ronél: 082 678 1353
Lynette: 082 796 9170

BOOMSLOPING EN

SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 233 6394

PERSKES

Toeks het weer heerlike Kaapse perskes vanaf Calvinia teen R30.00 per kilogram (ongeskil)

Skakel haar vir bestellings: 664-4393

40 dae

Fokus ons verhouding met mekaar

'n Oorvloedige lewe is 'n lewe wat oorvloei van *liefe, vrede en vreugde*. Dis 'n lewe wat *baie* vrugte dra (Joh 15:8); 'n ryk, vol lewe wat sin maak en betekenis het. Baie mense kies om 'n saai lewe te leef wat op die ou end geen waarde het nie. Hoekom dan so 'n lewe leef as die Here vir ons soveel méér in gedagte het? Kom ontdek in drie fokus-tye van 40 dae elk wat dit beteken om 'n lewe-in-oorvloed te leef! (Joh 10:10)

Volgende kwartaal gaan ons ons tweede tydperk van 40 dae binne. Waar ons hierdie kwartaal gefokus het op ons verhouding met God, gaan ons tydens die tweede kwartaal fokus op ons verhouding met *mekaar*.

Die temas tydens hierdie 40 dae is:

- Sondag 30 April: Voorbereiding en toewyding met die oog op die 40 dae fokustyd.
- Sondag 7 Mei: *Die huisgesin van God.*
- Sondag 14 Mei *Vergewe* mekaar [*Genade* is die basis van ons verhouding met mekaar
- Sondag 21 Mei: *Versorg* mekaar [*Gemeenskap* is die konteks van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 28 Mei: *Versterk* mekaar [Gebed is die kern van ons verhouding met mekaar.]
- Sondag 4 Junie: Verryk mekaar. [Groei is die potensiaal van jou verhouding met die Here.]
- Sondag 11 Junie: *Vervul* jou funksie. [*Gehoorsaamheid* is die doel van ons verhouding met mekaar.]

Onderliggend aan elkeen van hierdie temas is die vyf waardes van ons gemeente, nl. genade, gemeenskap, gebed, groei, gehoorsaamheid. Hierdie waardes is gekoppel aan die vyf vernaamste take van 'n gemeente volgens Ef 4:11, nl. sending (apostoliese taak); aanbidding (profetiese taak); gemeenskapsbediening (evangeliese taak); onderlinge versorging (herderlike taak); toerusting (leer-taak). ***Sien tabel.***

Temas	Waarde	Ef 4:11	Taak	Uitkoms
Verheug (Basis)	Genade	Evangeliste	Gemeenskaps-bediening	Lewensvrede
Vertrou (Konteks)	Gemeenskap	Herders	Onderlinge ver-sorging	Lewenstuiste
Verdiep (Kern)	Gebed	Profete	Aanbidding	Lewenskrag
Vernuwe (Potensiaal)	Groei	Leraars	Toerusting	Lewensvernu-wing
Verbind (Doel)	Gehoorsaamheid	Apostels	Sending	Lewensver-vulling

WAAR KOM DIT VANDAAN?

Die kerklike jaar het nie oornag gestalte gekry nie. 'n Lang proses van groei en ontwikkeling het uiteindelik uitgeloop op die struktuur van die groot siklus van die kerklike jaar en die onderskeie gebruike, tradisies en simbole wat ons vandag ken.

SONDAG IS DIE KERN

Dit het alles begin by die eerste gelowiges wat dit wat God gedoen het in hulle midde konstant in herinnering wou roep. Aanvanklik het hulle elke dag bymekaar gekom om die brood te breek (Hand 2:46) en later een maal 'n week, op die Sondag. Dit is die dag waarop Jesus opgestaan het en is "die dag van die Here" genoem (sien byvoorbeeld Openbaring 1:10). Elke Sondag was 'n klein Paasfees want Jesus se sterwe en opstanding is elke Sondag gevier. Die Joodse Christene het aanvanklik nog steeds die Sabbat op die Saterdag (die laaste dag van die week volgens die Joodse kalender) onderhou en dan of vroegdag of na sononder van die eerste dag van die week bymekaar gekom. (Sien ook Handelinge 20:7)

Later is die Sabbat laat vaar en het hulle slegs op Sondag, wat natuurlik 'n gewone werksdag was, bymekaargekom. Ignatius, 'n leier in die vroeë kerk, maak hiervan melding in 'n brief wat hy aan die gelowiges in Magnesië skryf in die jaar 115 n.C. Die gedagte was egter nooit om die betekenis van die Sabbat en die wetsonderhouding wat daarmee gepaard gegaan het op die Sondag oor te plaas nie. (Die Sondag is eers in 321 deur keiser Konstantyn tot 'n openbare rusdag verklaar.) Hiermee saam het die gebruik om Woensdae (die dag waarop die Joodse owerheid Jesus se dood beplan het) en Vrydag (die dag waarop Jesus gekruisig is) te ook spesiaal te herdenk deur te vas. (Die Jode het ook twee maal per week gevas, te wete Maandag en Donderdag, soos blyk uit Lukas 18:12).

DIE JAARLIKSE VIERING

Vroeg reeds, soos blyk uit 'n vergelyking tussen Eksodus 12:6-8 en 1 Korintiërs 5:7-8, is die Joodse pasga met Jesus se sterwe en opstanding in verband gebring. Dit was dus 'n natuurlik ontwikkeling om nie net elke week nie, maar ook elke jaar Jesus se sterwe en opstanding saam met die jaarlikse Joodse pasga te herdenk. Daar is getuienis dat dit reeds teen die middel van die tweede eeu plek-plek gebeur het. Biskop Soter (166-174 n.C.) het dit in sy tyd in Rome ingestel. Die datum van hierdie viering is derhalwe ook gekoppel aan die datum van die pasga (14 Nissan). Aangesien die Joodse kalender op die maan gebaseer is en ons kalender op die son, skuif die datum van Paasfees elke keer.

As voorbereiding vir die viering van Paasfees, het daar tydens die tweede eeu die gebruik om op die Sabbat voor Paassondag te vas en dan 'n nagwaak te hou wat tot in die vroeë oggendure van die Sondag geduur het. Dopelinge wat vooraf voorberei is, is tydens hierdie geleentheid gedoop. Later is die Vrydag ook by dié viering betrek en nog later die hele week (wat vandag by ons bekend staan as die Groot Lydensweek).

GROOT LYDENSWEEK

Die vieringe tydens die Groot Lydensweek was reeds teen 384 in Jerusalem in volle swang: Palmsondag, nagmaal op Donderdag, die kruismeditasies op Goeie Vrydag. Die lydensweg van Jesus is op dramatiese wyse as 't ware weer opgevoer. Hierdie gebruike het vinnig na die res van die vroeë kerk versprei.

Nog later is die gebruik vir om 40 dae voor Paassondag te vas ingevoer (uitgesluit Sondae) en gedurende die agtste eeu is die vastyd op Aswoensdag begin.

DIE KEER TOE GOD
'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(29) HY WORD GEKRUISIG
Ds Odie Odendaal

Lees: Lk 22:39-23:49

Op die tyd waarop die paaslam geslag is, is Jesus gekruisig as die Paaslam vir die wêreld. Hy was die Lam van God geslag vir ons sonde. Sy dood was 'n plaasvervangende dood. In ons plek. Ons ongeregtigheid is op Hom gelê en Hy het die straf van God daarvoor gedra.

Aan die kruis het Hy sewe keer gepraat. Die eerste was: *"Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."* Dis waarvoor Jesus gekom het. Hy wou vergifnis vir sonde verkry. Dis die eerste vrug wat die kruis afgewerp het. Die tweede kruiswoord was: *"Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."* Die kruis van Christus het tussen dié van twee rowers gestaan. Die een het met Jesus gespot terwyl die ander na Jesus aan die kruis gegryp en gebid het: *"Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."* So verdeel die kruis van Jesus vandag nog die wêreld. Daar is dié wat Hom verwerp en dié wat Hom aanneem. Maar aan elkeen wat Hom aanneem, gee God die mag om 'n kind van Hom te word, en vir hom open Hy die paradyspoort. Dis die tweede vrug wat die kruis afwerp. Die derde kruiswoord was 'n woord aan Maria, sy moeder: *"Daar is u seun"* en aan Johannes sy dissipel: *"Daar is jou moeder."* So stig Jesus die kruisfamilie. Gelowiges behoort aan mekaar as broers en susters en vaders en moeders. Die derde vrug wat die kruis afwerp is die stigting van die kruisgemeenskap, die kerk. Die vierde kruiswoord was: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* Terwille van ons sonde het Jesus aan die kruis gehang en vir Hom was dit louter hel, van God verlate. Hy loop die pad in gehoorsamheid, maar wat 'n prys! Vir ons. Die vyfde kruiswoord was: *"Ek is dors."* Hy was liggaamlik uitgemergel en uitgeput. Hy was fisies dors, maar ook geestelik want sy siel het gedors na ons verlossing. Die sesde kruiswoord was: *"Dit is volbring."* Sy werk as verlosser was uiteindelik voltooi. Niemand sal dit ooit weer kan verhinder of verander nie. Hy het die sonde van ons almal op Hom geneem en die straf van God daarvoor gedra. Dis finaal en afgehandel. Die sewende kruiswoord was: *"Vader, in u hand gee Ek my gee oor."* Nou kan hy huistoe gaan. Hemeltoe. Vader toe. Daarvoor neem Hy die hande van die Vader. Die mense het Hom nie doodgemaak nie. Hy het sy lewe neergelê. Die nuwe en lewende weg terug na die Vader het Hy vir ons gebaan. Nou kan ons toetree in volle geloofsoortuiging. Geen wonder dat die voorhangsel in die Tempel op daardie oomblik geskeur het nie. Niks staan meer tussen die mens en God nie.

VRAAG:

* Het die kruiswoorde vir jou enige betekenis?

GEBED:

Here, ek neem die vergifnis en ewige lewe wat U aan die kruis verwerf het met dankbaarheid aan. AMEN.

Groot Lydensweek

Ons sluit ons 40 dae fokustyd af met die Groot Lydensweek en Paassondag.

- **Die Groot Lydensweek is 'n geleentheid om baie ná aan die Here te kom.**
- **Dit is 'n geleentheid om baie diep onder die indruk van sy liefde te kom.**
- **Dit is 'n tyd om jou lewe te ondersoek en jou prioriteite reg te stel.**

Tydens hierdie week loop ons die Via Dolorosa (Weg van Lyding) agter Jesus aan. Dis nie 'n maklike of plesierige weg nie. Maar dis wel 'n weg waarop 'n mens geestelik groei.

Ons herdenk die week voor Jesus se kruisiging en opstanding dag vir dag. Ons kyk na dit wat Hy elke dag van daardie week gedoen het. In die lig daarvan ondersoek ons ons lewens en ons waardes. Ons kom 'n bietjie los van ons normale pre-okkupasie met ons eie belange en begeertes.

Datum	Geleentheid	Opmerkings
9 April om 09:00	Palmsondag	
10 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Maandag (tempelreiniging)
11 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Dinsdag (strydgesprekke)
12 April om 19:00		Jesus se aktiwiteite op die Woensdag (rus, voorbereiding)
13 April om 19:00	Nagmaal	Jesus se aktiwiteite op Donderdag (pasga, voetewas, gevangeneming)
14 April om 09:00	Goeie Vrydag	Kruisiging
15 April om 22:30	Paaswaak	Opstanding
16 April om 09:00	Opstandingsondag	Verskyning aan dissipels

VERJAARSDAE : 26 MAART TOT 1 APRIL 2006

03/26	ILSE DU PREEZ	5DE STRAAT 8	664 6588	02(a)
03/26	FRANCOIS GERBER	DF MALANLN 133.	664 0529	09(d)
03/27	GERDA ODENDAAL	DE OUDE ARTÉ 3	664 6526	14(a)
03/28	BASIE WOEKE	HANS STRIJDOMLN 110	664 2420	14(a)
03/28	LINDA VAN AS	DE LA REYWEG 26	664 2149	23(a)
03/28	MARITA DE JAGER	VAN RIEBEECKLN 7	664 4720	23(a)
03/30	WILKE PRETORIUS	KRUGERLN 33	667 4503	24(a)
03/30	JOAN DU PLESSIS	TRICHARDTWEG 2.	664 6307	03(a)
03/30	CHRISTA SAUNDERS	LANGEBRINKWEG 21	664 3037	15(a)

HUWELIKHERDENKINGS

26 MAART

BOET EN ALET VENTER	GLOVERLN 196	664 3282	26(a)
CHRISTO EN ANSIE BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	664 6631	08(a)

1 APRIL

PIETER EN MARA SCHMIDT	VAN RIEBEECKLN 190	664 6786	10(a)
DARRYL EN DOLLY PIENAAR	TULIP PARK 29	653 6449	26(a)

LET WEL …

Die wyknommers teenoor u naam verskil van die vorige omdat die wyke verklein is en ook nuwe grensaanpassings gemaak is. Lidmate sal tegelegener tyd meer daaromtrent ingelig word.

DRINGEND, ASSEBLIEF ...
INVENTARIS

Ons is tans besig met ‘n inventaris van die kombuis en sal dit waardeer as daar nog eiendom van die kerk by lidmate is, as hulle dit asseblief sal terugbring sodat hierdie taak afgehandel kan word. Baie dankie vir u samewerking.

JOURNEY

‘n Geestelike reis vir na-skoolse jongmense
31 Maart—2 April
(In Engels aangebied)
Kontak Freddie Schoeman 664-3751
of lyttoos@mweb.co.za